Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
elsgert@gmail.com
Jaargang 3 Uitgawe 78

Maarten Luther 'n man met 'n droom

Oktober 2008

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1	2	3 Nagmaal	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17 Gasprediker	18
19	20	21	22 24-Uur Gebedswag	23	24 Sluier is Gelig Familie - naweek	25 Sluier is Gelig Familie naweek & Jeugkonferensie
26	27	28	29	30	31 Matteus Bybelskool 2	

Toe Maarten Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellings teen Wittenberg se kerkdeur vasgetimmer het, het die wêreld onherroeplik verander. Soveel so dat Life Magazine Luther as die derde invloedrykste persoon van die ganse vorige millennium aangewys het. Net een man met 'n hamer in sy hand en 'n Bybel in sy hart wat hy passievol liefgehad het, is deur God opgerig met 'n visie om die Woord weer in mense se hande terug te plaas. En hierdie jong professortjie in 'n klein Duitse dorpie het die moed en die gehad om God onverskrokke te volg.
Luther se droom dat elke mens 'n Bybel in gewone taal kon lees en dat hulle weer vryelik kon hoor van God se onverdiende genade in Christus, het sy ganse lewe onkeerbaar op 'n nuwe koers gesit. Aan die begin was hierdie roeping so skrikwekkend soos om Everest sonder enige toerusting uit te klim. Maar tree vir tree het Luther se hartklop in geloofsplanne omgesit en uiteindelik is miljoene mense se lewens in Christus bevry as gevolg van sy geloofsmoed. Wat kan die Here dan nie in ons dag doen deur 'n paar besielde geestelike mense nie!

Ek gaan weer 'n Matteus Bybelskool aanbied Vrydag 31 Oktober 2008. Dit lyk my Vrydae werk goed om kursusse aan te bied. Die Bybelskool sal dan op 4 Vrydae aangebied word . Ons sal egter na die eerste Bybelskool op Vrydag 31 Oktober saam besluit oor die volgende datums. Kom skakel in en verbreed jou kennis. Ons werk stelsematig deur die hele Matteus evangelie. Voltooi asseblief die meegande strokie by die deure en besorg aan 'n kerkraadslid. Aternatiewelik kan jy jou naam en van en aantal wat kom aan Firenza stuur by admin@dubaigemeente.com

Almal wat nog moet registreer vir die Sluier is Gelig Familie-naweek word versoek om dit asseblief so gou moontlik te doen. Sover het daar sowat 125 kinders en volwassenes gerigistreer. Ons mikpunt is om en by die 350 maar ons wil 'n sinvolle beraming maak om om vir die kos te beplan. **Registreer op drie maniere**: Voltooi die brosjure (afskeurstrokie) beskibaar by die deure óf jy kan aanlyn op ons webtuiste by www.dubaigemeente.com registreer óf jy kan net jou naam en aantal wat kom (kinders en volwassenes) stuur aan admin@dubaigemeente.com .

Volgende Vrydag wil ek graag terugvoer gee rondom ons gemeente se Vraelys . Ek sal ook rondom die gemeente se beplanning met die gemeente begin deel. Dis 'n belangrike boodksap en ek vra dat almal sal bywoon rondom die tema: **"Wat lê aan die hart van die Afrikaanse Gemeente UAE"**. Herinner mekaar aan om hierdie belangrike geleentheid nie te mis nie.

Ons 31 Dae Gebedsfokus rondom die Werk van die Heilige Gees van Andrew Murray bied kragtige materiaal om op persoonlike vlak te groei. Saam met elke dagstukkie hanteer ons ook die verskillende aspekte van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Uitgewerkte gebede rondom persoonlike groei, gebede vir ons huwelike, kinders, gemeente en sending maak deel uit van 'n volgepakte halfuur stiltetyd elke dag. 'n Harde kopie van deel twee vanoggend by die deure beskikbaar. Volgende Vrydag sal ons deel drie uitdeel. 'n E-Formaat is ook aan elkeen gestuur word.

Kom neem deel aan hierdie wonderlike gesprek oor en met die Heilige Gees. Kom bid saam hierdie maand tot en met 24 en 25 Oktober vir die Sluier is Gelig familie-naweek.

Afrikaanse Gemeente UAE

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Tienie en Sandra Ferreira in Um Suqeim. Al Thanya straat 70.** Kontaknommer is Johan Swart 050 451 2807. Tyd is 19:00
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie of André . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196 of André 0503954800

Mirdif

- Aan huis van **Riaan en Petro**. Kontakbesonderhede, **Straat 83, Villa 5, Mirdif**. Riaan 050-6401082 en Petro 050-050-4359406

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Al Ain

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392